HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

Nuusbrief 2/2021

2 Februarie 2021

Liewe Kwagga-ouers, -leerders en -personeel

Graag gee ek die reëlings vir die volgende twee weke voor die skole begin, aan julle. Onthou asseblief dat die reëlings kan verander.

1. **Covid-regulasies**
   Die Covid-protokol wat verlede jaar gegeld het, is in meeste van die gevalle nog van toepassing. Die volgende moet altyd toegepas word:

   1.1. Dra van maskers.
   1.2. Skandering van elke persoon wat die skool besoek. Geen persoon mag op die terrein beweeg as sy/haar temperatuur gemeet is en die koorsbrief voltooi is nie.
   1.3. Sanitering van hande.
   1.4. Gereelde was van hande.
   1.5. 1m sosiale afstand tussen leerders, dus kan ons mekaar nie met 'n drukkie groet na die vakansie nie.
   1.6. Indien jy in aanraking met 'n persoon was wat positief toets, moet jy isoleer en die skool per epos in kennis stel.
   1.7. Indien 'n leerder positief toets moet die ouers die skool onmiddellik in kennis stel en moet die leerder isoleer.
   1.8. Geen ouer mag sport- en kultuuroefeninge bywoon of 'n toeskouers wees nie. (weer in die Staatskoerant van 2 Febr. so geproklameer)
   1.9. Slegs beperkte sport en kultuuraktiwiteite kan plaasvind. Byvoorbeeld mag niemand aan enige sangoefeninge of kontaksport oefeninge deelneem nie.
   1.10. Geen kampe mag plaasvind nie.

2. **Leerders se teenwoordigheid en groepe**
   Gr. 12-leerders moet elke dag teenwoordig wees. Die ander leerders sal elke tweede dag teenwoordig wees. Leerders is in twee groepe ingedeel, naamlik **ougoud** en **geel**. Leerders mag nie van groep verander nie. Die leerders se groepe sal op Maandag 8 Februarie 2021 aan hulle gestuur word.

   2.1. Oriëntasie en uitdeel van handboeke
   2.1.1. Die gr. 9- en 10-leerders moet op Woensdag 10 Februarie 2021 skool toe kom. (Sien dagprogram onderaan)
   2.1.2. Die gr. 11- en 12-leerders moet op Donderdag 11 Februarie 2021 skool toe kom. (Sien dagprogram onderaan)
   2.1.3. Die gr. 8-leerders en VRL kom Vrydag 12 Februarie 2021 skool toe. (Sien dagprogram onderaan)

2.2. Reëlings vir elke groep

2.2.1. Gr. 9

Woensdag 10 Februarie

Ougoud-groep		Geel-groep	
Tyd	**Aktiwiteit**	**Tyd**	**Aktiwiteit**
07:00 – 07:30	Skandering Kunssentrum	07:00 – 07:30	Skandering Saal
07:30 – 09:00	Registerklas	07:30 – 09:00	Toesigklas
09:00	Ruil na toesigklas	07:30 – 09:00	**Handboeke**
09:00 – 10:30	Toesigklas	09:00	Ruil na registerklas
09:00 – 10:30	**Handboeke**	09:00 – 10:30	Registerklas
10:30	Verdaag	10:30	Verdaag

2.2.2. Gr. 10

Woensdag 10 Februarie

Ougoud-groep		Geel-groep	
Tyd	**Aktiwiteit**	**Tyd**	**Aktiwiteit**
10:30 – 11:00	Skandering Kunssentrum	10:30 – 11:00	Skandering Saal
11:00 – 12:30	Registerklas	11:00 – 12:30	Toesigklas
12:30	Ruil na toesigklas	11:00 – 12:30	**Handboeke**
12:30 – 14:00	Toesigklas	12:30	Ruil na registerklas
12:30 – 14:00	**Handboeke**	12:30 – 14:00	Registerklas
14:00	Verdaag	14:00	Verdaag

2.2.3. Gr. 11

Donderdag 11 Februarie

Ougoud-groep		Geel-groep	
Tyd	**Aktiwiteit**	**Tyd**	**Aktiwiteit**
07:00 – 07:30	Skandering Kunssentrum	07:00 – 07:30	Skandering Saal
07:30 – 09:00	Registerklas	07:30 – 09:00	Toesigklas
09:00	Ruil na toesigklas	07:30 – 09:00	**Handboeke**
09:00 – 10:30	Toesigklas	09:00	Ruil na registerklas
09:00 – 10:30	**Handboeke**	09:00 – 10:30	Registerklas
10:30	Verdaag	10:30	Verdaag

2.2.4. Gr. 12

Donderdag 11 Februarie

Ougoud-groep		Geel-groep	
Tyd	**Aktiwiteit**	**Tyd**	**Aktiwiteit**
10:30 – 11:00	Skandering Kunssentrum	10:30 – 11:00	Skandering Saal
11:00 – 12:30	Registerklas	11:00 – 12:30	Toesigklas
12:30	Ruil na toesigklas	11:00 – 12:30	**Handboeke**
12:30 – 14:00	Toesigklas	12:30	Ruil na registerklas
12:30 – 14:00	**Handboeke**	12:30 – 14:00	Registerklas
14:00	Verdaag	14:00	Verdaag

2.2.5. Gr. 8
Vrydag 12 Februarie 2021

AKTIWITEIT	GROEP	TYD	PLEK
Ontvangs	Beide groepe	07:00 – 07:30	Parkeerarea (Geel Westekant en Ougoud Oostekant)
Skandering	Ougoud	07:00 – 07:30	Kunssentrum
Skandering	Geel	07:00 – 07:30	Skoolsaal
Verwelkoming	Beide groep	07:30 – 07:15	Pawiljoen
Indeling	Ougoud	08:30 – 09:00	Skoolsaal
Indeling	Geel	09:30 – 10:00	Skoolsaal
Registerklas	Ougoud	09:00 – 09:30	Registerklasse
Registerklas	Geel	10:00 – 10:30	Registerklasse
Handboeke	Ougoud	09:30 – 10:30	Kunssentrum
Handboeke	Geel	10:30 – 11:30	Kunssentrum
Registerklas	Ougoud	10:30 – 11:30	Registerklasse
Samekoms van 11 seksies	6 seksies	12:00 – 13:00	A & B - rugbyveld
Samekoms van 11 seksies	5 seksies	12:00 – 13:00	C-rugbyveld
Verdaag	Almal	13:00	Parkeerarea

Indien dit reën sal die leerders die laaste uur na hulle register- en toesigklasse gaan.

3. **Voorkoms**
Alle leerders moet asseblief skoolklere aantrek vir die uitdeel van handboeke en oriëntasie. Alle leerders se voorkoms moet asseblief 100% volgens die gedragskode van die skool wees. Leerders gaan deur die graadhoofde gevra word om hulle maskers af te trek om te kyk of hulle geskeer is.

As gevolg van die beperkte tyd wat ons vir die akademie het, wil ons nie graag sukkel met leerders se voorkoms of met enige swak gedrag nie. Ouers, leerders en personeel moet hulleself asseblief vergewis van die bepalings in die gedragskode.

4. **Handboeke se reëlings.**
4.1. Leerders wat nog handboeke by die huis het wat nie verlede jaar ingegee is nie, kan dit enige oggend tussen nou en Vrydag 5 Februarie in die oggend by ontvangs kom afgee (ons sal dit eintlik verkies om die boeke vooraf te kry omdat dit die organisasie met die uitreik van die boeke vergemaklik). Leerders wat nog boeke by die huis het kan dit ook op die dag wat hulle inkom vir oriëntering saambring en dan ingee.

4.2. Leerders wat uitstaande boeke het sal nie boeke saam met die res van die groep ontvang nie.
- Leerders wat boeke verloor het moet eers kom seker maak of iemand anders nie die boek ingegee het nie, voor die boeke betaal word.
- As daar 'n fout ingesluip het tydens die terugskandering van die handboeke en die stelsel aandui dat 'n boek uitstaande is, maar die leerder het wel 'n boek ingehandig sal ons dit optel wanneer die boeke weer uitgereik word.
- Leerders in beide van hierdie twee situasies moet eers kom kontroleer of die boeke nog steeds uitstaande op die stelsel is, voor boeke betaal/uitgereik word. Hierdie leerders kan eers gehelp word na die boeke aan die vorige en huidige graad uitgereik is.

- Gr.9 – ongelukkig word die gr.8 boeke eers op Vrydag 12 Februarie uitgereik – gr.9 leerders met probleme kan dus eers na 13:00 op Vrydag 12 Februarie gehelp word.
- Gr.10 – leerders wat nie boeke gekry net nie, kan 14:00 wanneer hulle verdaag op Woensdag 10 Februarie gehelp word.
- Gr.11 – Daar is 'n kort tydjie beskikbaar tussen 10:30 wanneer die gr.11 leerders verdaag en 11:00 wanneer die gr.12 leerders begin op Donderdag 11 Februarie, of leerders kan na 14:00 terugkom om gehelp te word.
- Gr.12 – leerders wat nie boeke gekry net nie, kan 14:00 wanneer hulle verdaag op Donderdag 11 Februarie gehelp word.
- Leerders in enige graad met probleme kan Vrydag 12 Februarie tussen 13:00 en 15:00 gehelp word.

5. Skoolgeld

Finansiële verpligtinge vir ouers 2021

- Die Skolewet bepaal dat ouers wetlik verantwoordelik is vir betaling van verpligte onderriggeld.
- Die skool werk volgens 'n begroting wat deur die ouers goedgekeur is.
- Ouers ontvang ondernemingsvorm op 1ste skooldag van die jaar waarin hulle moet verklaar hoe onderriggeld betaal gaan word.
- Hierdie ondernemingsvorm moet volledig ingevul word en op die 2de skooldag ingehandig word by die registeronderwyser.
- Koshuisleerders moet die ondernemingsvorm op die eerste Maandag inhandig.
- Die Beheerliggaam versoek ouers vriendelik om die vorige kwartaal se onderriggeld te betaal voordat die volgende een begin.
- Hulpbehoewende ouers mag aansoek doen vir gedeeltelike of algehele vrystelling. Die voorgeskrewe vorm is by die skool beskikbaar en moet persoonlik afgehaal word. Hierdie vorms moet volledig voltooi word en met stawende dokumente teen Vrydag 26 Februarie 2021 ingehandig word.

BETAALWYSE VAN SKOOLGELD

Betaalwyse	Bedrag	Tydperk	Korting
Skoolgeld 2021	R24,140		
Eenmalig	R24,140	Voor 28 Februarie 2021	R603
Per kwartaal	R6,035	Betaalbaar aan begin van kwartaal	Geen
Per maand (debietorder)	R2,414	Maart tot November (ouers betaal self vir Feb)	Geen
Per maand (eft / Karri-app)	R2,414	Januarie tot Oktober	Geen

Bank- en betaalbesonderhede

Hoërskool Outeniqua
FNB George
Tjekrekeningnommer: 620 9376 3673
Takkode: 210-114

Kontak mev. Jons Venter by finansies vir enige navrae rakende skoolgeld.

Gebruik u kind se gesinskode as verwysing op betalings, en epos bewys van betalings na skoolgeld@outeniqua.co.za

Handboekegeld (alle graad 8 leerders)
Handboekgeld beloop R550 per graad 8-leerder vir 2021. Handboekgeld is vir die gebruik van handboeke vir 5 jaar (graad 8 – 12). Baie dankie aan die ouers wat reeds betaal het. Ons versoek vriendelik dat uitstaande gelde betaal word voor of op 28 Februarie 2021.

Kwaggagroete

C.P. VORSTER
SKOOLHOOF